# OMVORMINGS VAN 'N AFRIKAANSE KERN-SIMBOOL: 'N HEDE-GESKIEDENIS VAN KERK-PLEIN 1989-1997[1]

JWN Tempelhoff*

**ABSTRACT**

Church Square, Pretoria, traditionally enjoyed considerable prestige as an important symbol in Afrikaans speaking circles in South Africa. A number of historical factors contributed to this appraisal in the heritage discourse of society at large. In recent years however there have been a number of significant shifts in accent. These transformations become apparent when the sites and their intrinsic symbolism, are considered in the context of present-history. The period 1989-1997 was singled out for investigation. Thematological as well as chronological interpretations of events and trends suggest that contemporary social economic and political perceptions of Church Square indicate important transformations. This state of affairs can be ascribed to a number of factors. Amongst these the de facto acceptance of the need for change in society, practical considerations, and effective marketing strategies, were the major driving forces.

---

## INLEIDING: KERKPLEIN AS KERNSIMBOOL

Kerkplein, Pretoria, simboliseer reeds sedert die negentiende eeu 'n omvangryke stel waardes wat deel van die kultuurpsige van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners uitmaak. Dit is ook verstaanbaar. Op die plein het daar byvoorbeeld, sedert die stigting van die stad in November 1855,[2] 'n verskeidenheid betekenisvolle menslike aktiwiteite plaasgevind. Daar was onder meer 'n woelige markbedryf op een gedeelte van die plein. Sportbyeenkomste is

* Departement Geskiedenis, PU vir CHO, Vaaldriehoekkampus.

1 Skrywer is dank verskuldig aan verskeie mense in die voorbereiding van hierdie artikel. Mnr. Albrecht Holm, argitek en bewaringsdeskundige, het belangrike kommentaar gelewer en verskeie aspekte oor die geskiedenis van Kerkplein en sy mense toegelig. Kollega, prof. Pieter de Klerk, het die manuskrip gelees, na formulerings van idees geluister en advies gegee. Mnre. Sarel van der Walt en Gert van der Westhuizen en me. Carien Fourie van die dagblad **Beeld** het ook die teks gelees en as verslaggewers van gebeure op en om Kerkplein in die tydperk 1989-97, na die teks gekyk.

2 Volksraadsbesluit Art. 70 van 15 November 1855. Kyk JH Breytenbach, Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby) III (1854-1858) in Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3 (Staatsdrukkery, Parow, g.d.), p. 116.

aangebied en vele sosiale geleenthede was aan die orde van die dag in die lokale van verskeie hotelle teenaan die plein.[3] Dit was 'n sametrekkingspunt van mense - 'n ware stadskern. Kerkplein het egter oor 'n tydperk van baie jare by uitnemendheid met aktiwiteite van 'n godsdienstige en politieke aard verband gehou. Kerklike byeenkomste, wat eie aan die Calvinistiese karakter van die destydse blankgesentreerde samelewing was, het die botoon gevoer.[4] Vanaf die negentigerjare van die vorige eeu het die Volksraad, onder die leiding van president Paul Kruger, in die Raadsaalgebou teenaan die plein, beraadslaag oor die lotgevalle en onsekere toekoms wat die Zuid-Afrikaansche Republiek in die gesig gestaar het.[5] Op 31 Mei 1910 het die formele verrigtinge wat die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika voorafgegaan het, op Kerkplein plaasgevind.[6]

In die nadraai van Uniewording in 1910 het die plein vir baie mense die ideaal van 'n toekomstige republiek gesimboliseer. Van meet af het die Afrikaanse leiersgemeenskap die mening gehuldig dat die Krugerstandbeeld, asook die Boerekrygers deur Anton van Wouw, op Kerkplein moes staan. Dit het egter - weens 'n ongunstige politieke klimaat - nie gebeur nie. Eers in Oktober 1954 is die Krugerstandbeeld saam met dié van die Boerekrygers op Kerkplein ingehuldig.[7] Die Krugerbeeld het voorheen onderskeidelik in Prinsepark en voor die stasiegebou aan die suidekant van Paul Krugerstraat gestaan.[8] Ten tye van die ingebruikneming van die standbeeldegroep op Kerkplein het die destydse premier, dr. DF Malan, formeel te kenne gegee dat sy regering, net soos dié van Paul Kruger, 'n sterk republikeinse ideaal nagestreef het.[9] 'n Regstreekse gevolg daarvan was dat toe Suid-Afrika op 31 Mei 1961 'n

---

3 Mondelinge inligting: Mnr. Albrecht Holm, argitek, Pretoria, 9.3.1997.

4 Kyk AN Pelzer, **Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I: Wordingsjare** (AA Balkema, Kaapstad, 1950), pp. 142-7; HM Rex, **Pretoria: Van Kerkplaas tot regeringsetel** (HAUM, Kaapstad, c. 1959), pp. 58-61. Vir meer oor die kultuurgeskiedenis van die nagmaalsbyeenkomste kyk B Booyens, **Nagmaalsnaweek deur die jare** (NG Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1982).

5 Vir meer inligting kyk A Holm en D Viljoen, **Mure wat praat: Die verhaal van die Ou Raadsaal en sy mense** (Chris van Rensburg Publikasies, Johannesburg, 1993).

6 Beweging Red Kerkplein, **Kerkplein Pretoria, toeriste roete** (Kassetopname, Pretoria, 1994); A Holm, **Kerkplein Pretoria** (Voubiljet in Afrikaans en Engels, uitgereik deur die Beweging Red Kerkplein, Pretoria, 1996).

7 Krugergenootskap, **Gedenkprogram: Onthulling van die Krugerstandbeeld op Kerkplein, Pretoria, 8-10 Oktober 1954** (Uitgegee deur die Krugergenootskap, V&R Drukkers, Pretoria, 1954).

8 JH Breytenbach, **Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld** (Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria, 1979), pp. 45-7 (ongenommer).

9 Anon., "Dit moet 'n republiek wees, waarin die volk waaragtig vry is" in PJ Nienaber, **Ons republikeinse album: Ideaal in vervulling**, p. 41. (Bylaag tot **Die Vaderland**, 30.5.1961.)

republiek geword het, Kerkplein in Pretoria die vanselfsprekende terrein vir die inhulding van adv. C.R. Swart as die eerste staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika was.[10]

In meer as een opsig het Kerkplein dus 'n kernsimbool in die goue era van Afrikaanse beheer van die politiek in Suid-Afrika uitgemaak. Die plein op sigself was reeds lank voor 1989 aan omvormings uitgelewer. Dit blyk dat die proses wat meer onlangs plaasgevind het, van so 'n aard was, dat bepaalde kognitiewe mentaliteite besig was om radikale hersiening te ondergaan.

'n Kernsimbool kan in die konteks van hierdie bespreking beskryf word as die essensiële ikoon - hetsy 'n monument, voorstelling, terrein of herinnering - wat bepaalde waardes in die historiese bewussyn van 'n gemeenskap verteenwoordig. Die "goue era" waarna verwys word, kan beskou word as die 28-jarige tydperk tussen 1948 en 1976 waarin Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners 'n omvangryke invloed op die politieke besluitnemingsprosesse uitgeoefen het. Daarna het Afrikanernasionalisme, waarvan Kerkplein destyds 'n wesentlike simbool was, 'n aansienlike gedaanteverwisseling ondergaan.

Teen die tagtigerjare van die twintigste eeu het die plein, net soos die Suid-Afrikaanse samelewing in die geheel, 'n omvattende innerlike omvormingsproses deurgemaak. Ofskoon sekere oppervlakkige veranderinge, soos byvoorbeeld restourasieprojekte aan sommige van die ou geboue om die plein, plaasgevind het, was daar min wesentlike veranderinge aan die uiterlike voorkoms van die plein. Daar het wel duidelike veranderinge plaasgevind in terme van die simboliese waardes wat die plein en sy omgewing verteenwoordig.

Die begrip "omvorming" word gebruik om die veranderingsproses uit te druk. Dit is egter nie presies wat bedoel word nie. Ook "transformasie" is nie heeltemal van toepassing nie. In die Duitse taal word die woord "Verwandlung" gebruik, wat moontlik meer op die manifestasie van die proses van toepassing is. Gadamer omskryf dit as volg: "Verwandlung...meint, daß etwas auf einmal und als Ganzes ein anderes ist, daß dies andere, das es als Verwandeltes ist, sein Wahres Sein ist, dem gegenüber sein früheres Sein nichtig ist".[11]

---

10 Kyk S van der Merwe, "Die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika" in FA Van Jaarsveld en GD Scholtz (reds.), **Die Republiek van Suid-Afrika: Agtergrond ontstaan en toekoms** (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966), pp. 221-6.

11 H-G Gadamer, **Wahrheit und Methode** (Vierde druk van die derde uitgawe, JCB Mohr, Tübingen, 1975), p. 106.

Wanneer die Verwandlungs- of omvormingsproses tussen 1989 en 1997 deur middel van persberigte geïnterpreteer word,[12] is dit voor die hand liggend dat Kerkplein as 'n kernsimbool van 'n tradisionele Afrikaanse identiteit aansienlike geestelike verskuiwings binne die bestek van minder as 'n dekade ondergaan het. Enkele tematiese manifestasies van dié veranderingsproses wat plaasgevind het, sal in die bespreking wat volg, onder oë geneem word.

**'N NUWE POLITIEKE ERA: AUGUSTUS 1989 EN DAARNA**

Gebeure op en om Kerkplein in die laaste ses maande van 1989 kan as 'n barometer van politieke sentiment in 'n snel veranderende Suid-Afrika beskou word. Te midde van aanduidings dat die nuwe staatspresident, mnr. FW de Klerk, besig was om op sentrale regeringsvlak institusionele rassediskriminasie oorboord te gooi, het die stadsvaders van Pretoria sy voorbeeld nagevolg. Kort ná die verkiesing van 6 September 1989, het adv. James Leach van die Nasionale Party (NP), en voorsitter van die bestuurskomitee van die stadsraad, die stad se inwoners laat verstaan dat apartheid nie meer op Kerkplein bestaan nie. Daar was geen beperkings meer op swartmense om op die plein te kom nie. Dié reëling was, volgens hom, in ooreenstemming met besluite wat reeds in die sewentigerjare geneem is.[13]

Die Konserwatiewe Party (KP), die institusionele arm van regse politiek in die stadsraad, het die klem wat op "oop geriewe" geplaas is, veroordeel. In reaksie op die aankondiging deur die NP-regering dat die Wet op Afsonderlike Geriewe, een van die hoekstene van klassieke apartheid, onvoorwaardelik geskrap gaan word, het dié party ten sterkste geprotesteer.[14] Kontradiksionele besprekings oor rasgefundeerde klassifikasie by die benutting van bepaalde openbare geriewe, het in daardie stadium reeds begin afneem. Hoewel dit nie meer 'n wesentlike debatspunt in die politieke arena van Suid-Afrika was nie, is in sommige kringe hard gepoog om die gesprek lewendig te hou.

12 Vir die doeleindes van hierdie studie is sowat 500 berigte in die elektroniese argief van die oggendblad **Beeld** tussen Julie 1989 en Augustus 1997 nagegaan. Die inligting is van Nasionale Pers se webblad (http://www.naspers.co.za/) af getrek. Die dagblad, **Pretoria News**, wat deel van die **Independent**-groep van koerante uitmaak, is nie op die internet beskikbaar nie, gevolglik is op 5 Augustus 1997 van die knipselargief van die koerant gebruik gemaak (die knipsels bevat nie bladsynommers nie).

13 Anon., "Pretoria wil ook weet van oop geriewe: Gaan by Goudstad-raad kers opsteek" in **Beeld**, 28.9.1989, p. 2.

14 Stadsverslaggewer, "Pta vinnig byeen oor oop geriewe" in **Beeld**, 17.11.1989, p. 6.

Op die grondvlak het 'n plofbare politieke toestand in verskillende ideologiese skakerings op Kerkplein uitgekristalliseer. Op 16 September 1989 het 'n protesterende skare mense onder die vaandel van die Breë Demokratiese Beweging en die National Association for Democratic Lawyers, protesgedigte gelees en op Kerkplein om die Krugerstandbeeld "geskuifeldans". 'n Enkele blanke, wat deur die betogers "Blondie" genoem is, het na individue in die skare geskop. Die polisie het, onder groot toejuiging van die skare, die man van die toneel verwyder.[15]

In regse geledere is die protes van die swart mense veroordeel. Hulle het bekend gemaak dat hulle van voorneme was om die standbeeld van Kruger eiehandig te gaan skoon maak. Hulle was ook vasberade om 'n amptelike protesvergadering te hou oor die wyse waarop die beeld van 'n volksheld geskend is.[16]

'n Week later, op 23 September 1989, het die spreekwoordelike "moeder" van alle regse betogings op Kerkplein plaasgevind ondanks onderlinge verdeeldheid.[17] Reeds vroegoggend het 'n skare aktiviste, onder meer 'n groep van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB), onder die leiding van mnr. Eugene Terre' Blanche, byeengekom. In een van die toesprake het 'n regse leier, mnr. Piet Roedolf, die skare laat verstaan dat Kerkplein "volksbesit" was.[18]

Hulle was egter nie die enigste mense wat hul oog op Kerkplein gehad het nie. 'n Groep vroue wat as Women Against Apartheid beskryf is, het onder leiding van mev. Winnie (Madikizela-) Mandela hul opwagting in die Pretoriase middestad gemaak. Die groep het vroeër die oggend met twee busse van Johannesburg na Pretoria gereis. Twee straatblokke van Kerkplein af het die vroue afgeklim en na die plein beweeg. Die polisie het hulle egter voorgekeer en na St. Alban se katedraal gekanaliseer. Konflik kon egter nie afgeweer word nie. Op Kerkplein het regse politieke aktiviste swart mense verwilder wat dit gewaag het om 'n verskyning te maak.[19] Daar is links en regs rassistiese uitsprake gemaak en spoedig het geweld uitgebreek. Mense is beseer en die polisie moes

---

15 J Taljaard, "SAP gryp Blondie, betogers jubel..." in **Beeld**, 16.9.1989, p. 2.
16 Politieke redaksie, "Regses haaks oor 'ontheiliging' van Oom Paul" in **Beeld**, 19.9.1989, p. 2.
17 **Beeld**, 19.9.1989, p. 2.
18 V Bojé, E Waugh, D Lambrecht, P Hlala en E Jannsen, "Pretoria's day of diverse protest" in **Pretoria News**, 25.9.1989.
19 Anon., "Polisie tree op teen betogers in Pretoria: Knuppels en honde: Onnodig hard, kla vroue" in **Beeld**, 25.9.1989, p. 1.

die plein vir die publiek sluit.[20]

Die protesbyeenkoms was een van die eerste regstreekse konfrontasies in die openbaar tussen regse blankes en swart mense in die era van omvangryke hervormings ná Augustus 1989.[21] Die "stryd om Kerkplein" was weliswaar ook verteenwoordigend van uiteenlopende sentimente wat oor die plek gehandhaaf is. Terwyl regse aktiviste wou verhoed dat 'n historiese simbool "ontreinig" word, was linkse aktiviste vasberade om die terrein oor te neem. Daar was 'n sterk ondertoon van rassekonflik in die wedywering aanwesig. Dit was ook opvallend dat die inisiatief geneem is deur buite-parlementêre groeperinge.

Namate die politieke winde in Suid-Afrika begin verander het, het ook 'n binne-parlementêre groepering - die KP - Kerkplein vir die bevordering van hul saak gebruik.[22] Op 26 Mei 1990, die 42e verjaardag van die bewindsaanvaarding van die NP, het regse politieke ondersteuners 'n perdekommando byeen gekry en 'n krans aan die voet van die Krugerstandbeeld op Kerkplein gelê. Later dieselfde dag het 'n massabyeenkoms by die Voortrekkermonument plaasgevind.[23]

In April 1991 was Kerkplein steeds 'n gesogte terrein vir politieke byeenkomste. By geleentheid van die onthulling van 'n monument vir die African National Congress (ANC) in Mamelodi, het mnr. Chris Hani en mev. Winnie (Madikizela-) Mandela voor die plegtigheid 'n skare mense op Kerkplein toegespreek.[24] Te midde van dreigemente van regse groeperinge het die leiers van die swart mense verklaar dat hulle by die geleentheid ook 'n klagskrif teen die gevangenisdiens in Pretoria wou indien.

Die byeenkoms het nie sonder voorval plaasgevind nie. Mnre. Eugene Terre'Blanche en Piet Rudolph het die oggend saam met 12 ander mans op die standbeeld van pres. Paul Kruger geklouter. Hulle het geweier om pad te gee sodat die swart mense hul protesbyeenkoms kon hou. Die polisie het gevrees vir 'n konfrontasie met die skare van nagenoeg 7 000 mense.[25] Die atktiviste is

---

20 M Theron, "Selfs die duiwe het gevlug in dag van drama: Die hel was skielik los op Kerkplein" in **Beeld**, 25.9.1989, p. 8.

21 Bojé, **et al.**, in **Pretoria News**, 25.9.1989.

22 J Taljaard, "Leiers van AWB, HNP beslis nie daar: Net 'KP-volk' trek saam" in **Beeld**, 23.5.1989, p. 6.

23 Anon., "ANC hou ook groot byeenkoms" in **Beeld**, 26.5.1990, p. 3.

24 D Snyman, "Winnie en Hani gaan by Oom Paul se voete praat" in **Beeld**, 5.4.1991, p. 2.

25 M van der Merwe, "ET en Piet Skiet vandag in hof ná moles op Kerkplein: Klag dat hul polisie gehinder het in uitvoering van pligte" in **Beeld**, 8.4.1991, p. 5.

gevolglik van die plein verwyder. Die AWB het later, sonder welslae, probeer om die Minister van Polisie te dagvaar oor die feit dat van sy lede in hegtenis geneem is.[26]

Vir 'n geruime tyd wou dit voorkom asof die politieke onderhandelingsproses wat intussen deur middel van die Konvensie vir die daarstelling van 'n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa) gevoer is, politieke protes met 'n rasse-ondertoon - ten minste op Kerkplein - laat afneem het. Ekstremistiese politieke sentimente het min steun in die breë samelewing van Pretoria geniet.

Dit was ook duidelik dat die stadsraad van Pretoria en die veiligheidsmagte reeds teen daardie tyd in 'n baie beter posisie was om politieke byeenkomste te beheer. In 1992, byvoorbeeld, ten tye van die referendumveldtog, is die plein eenvoudig vir alle verkeer gesluit terwyl ondersteuners van regse politieke partye 'n byeenkoms gehou het.[27] Daar is ook nie gehuiwer om sterk op te tree teen groepe wat nie vooraf toestemming van die stadsraad gevra het om protesbyeenkomste aan te bied nie.[28] Daar het egter stelselmatig 'n meer verdraagsame houding teenoor politieke byeenkomste ontwikkel.

Tekenend van die ontluikende tendens was dat 'n meer gematigde regse front besig was om in die politieke lewe van Suid-Afrika na vore te kom. In Oktober 1993 het generaal Constand Viljoen hom op Kerkplein met uitsprake van Kruger 'n honderd jaar tevore vereenselwig en gewaarsku dat verset sou plaasvind as en wanneer die Afrikaner se vryheid in die gedrang kom.[29]

Daar was spoedig weer 'n oplewing. In die verkiesingsveldtog wat die verkiesing van 1994 voorafgegaan het, het politieke aktiwiteite weer 'n gevaarlike wending geneem. Daar was gerugte in regse geledere dat die regering spoedig oorgeneem sou word. Kerkplein het, na bewering, 'n simboliese rol in die planne gespeel. Daar is selfs aangevoer dat regse aktiviste van plan was om die Ou Raadsaal te beset. Die veiligheidsmagte het egter daarvan te hore gekom en 'n swaar polisieteenwoordigheid was vir 'n geruime tyd op Kerkplein teenwoordig.[30]

---

26 M Ferreira, "AWB wil Vlok dagvaar oor arres op Kerkplein" in **Beeld**, 7.6.1991, p. 1.
27 Stadsraadsverslaggewer, "Square closed for rally" in **Pretoria News**, 7.3.1992.
28 Anon., "Kerkplein-betogers kry 'n opgeskorte vonnis" in **Beeld**, 24.7.1992, p. 10.
29 R Brand, "AVF leaders deny tension in their ranks" in **Pretoria News**, 18.10.1993.
30 Anon., "No right siege on Raadsaal" in **Pretoria News**, 3.2.1994.

Teenstrydighede in samelewingsaktiwiteite op Kerkplein was in die weke voor die verkiesing aan die orde van die dag. Op 13 Maart 1994 het werkers van Project Literacy 'n kursus aangebied om mense wat nog nooit voorheen gestem het nie, van inligting te voorsien. Mnr. Andrew Miller, 'n woordvoerder van die organisasie, het hom as volg uitgelaat oor die terrein waar die opleiding plaasgevind het: "We believe it is especially significant that Church Square was the venue for this. In the shadow of Paul Kruger and the old Transvaal Raadsaal the new South Africa will truly begin."[31]

'n Regse magsvertoon het later dieselfde maand gevolg. Op 26 Maart 1994 het die KP 'n "Hoofstaddag" gehou waartydens dr. Ferdi Hartzenberg, die leier van die KP, sy volgelinge op Kerkplein toegespreek het.[32] Dié party het amptelik nie meer aan die verkiesing deelgeneem nie. Die geleentheid is egter gebruik om die party se volgelinge in te lig oor die weg wat die party vorentoe wou inslaan. In weerwil van klaarblyklike onderlinge onenigheid,[33] is mense aangemoedig om reeds voor die verkiesingsdag van 27 April 1994 hulself "in die regering in" te begin regeer.[34]

Uitsonderlike tonele het hulle tydens die byeenkoms op Kerkplein voorgedoen. Onder groot aanmoediging van die skare is die oorgangsvlag van Suid-Afrika verbrand nadat prof. PG Nel die skare vertel het dat die syfers 666 en die merk van die Bees op die vlag voorgekom het.[35] Die byeenkoms wat deur regses uit alle lae van die regse politiek bygewoon is, was vir dr. Ferdi Hartzenberg 'n duidelike bewys dat die "Afrikaner-Boerevolk" verenig was.[36]

Die stadsraad van Pretoria het homself ten sterkste teen die regses se "Hoofstadinisiatief" uitgespreek.[37] Tog het die gebeure die beeld van Kerkplein en regse politieke aktiwiteite geskaad. In die briewekolomme van **Beeld** het Freddie Steyn van Vereeniging "die skokkende gebeure op Kerkplein", wat met

31 T Chiloane, "Mock elections held" in **Pretoria News**, 12.3.1994.

32 D Lamprecht, "Ferdi praat gou oor volkstaatgrense" in **Beeld**, 23.3.1994, p. 6.

33 G van der Westhuizen, "AWB boikot Hoofstaddag oor uniform: AVF wil glo eenheid beklemtoon" in **Beeld**, 26.3.1994, p. 2.

34 G van der Westhuizen, "AVF gaan hom vreedsaam in volkstaat 'in regeer': Burgerrade sal mense en eiendom voortaan beskerm" in **Beeld**, 28.3.1994, p. 7.

35 A Stofberg, "Regses brand nuwe vlag omdat hulle bose 666 daarin sien" in **Beeld**, 28.3.1994, p. 7.

36 G van der Westhuizen, "Ferdi sê regse saamtrek wys volk is verenig: Boere 'nie op 'n veroweringstog'" in **Beeld**, 28.3.1994, p. 2.

37 Anon., "Pta-stadsraad 'distansieer hom' van AVF se hoofstad-aksies" in **Beeld**, 26.3.1994, p. 4.

die verbranding van die landsvlag gepaard gegaan het, as van die "veragtelikste dade" beskryf.[38]

Terwyl ondersteuners van die ver regse politiek 'n daadwerklike stelling omtrent hul gevoelens oor die nuwe Suid-Afrika gemaak het, was dit duidelik dat hulle beeld besig was om te taan. Tot in daardie stadium was Kerkplein 'n soort klaagterrein vir mense wat veral politieke standpunte wou stel. Dit wou selfs voorkom asof die plein - in samehang met die nabyliggende Voortrekker-monument - eksklusiewe Afrikaanse simbole was. Terwyl daar min twyfel oor die identiteit van die Voortrekkermonument bestaan het, was dit egter moontlik om die simboliese statuur van Kerkplein te omvorm.

## AFNAME IN REGSE PROTES OP KERKPLEIN: ANDER PROTES

Sedert 1994 was daar 'n aansienlike afname in regsradikale politieke byeenkomste op Kerkplein. In die plek daarvan het 'n alternatiewe vorm van protes gestalte aangeneem. Die byeenkomste het dieselfde gees geadem as protesaksies wat in die meeste Westerse demokratiese samelewings aan die orde van die dag was en het gewissel van ontevredenheid met wetgewing oor vuurwapens,[39] tot ongelukkigheid oor geweld teenoor vroue en kinders.[40]

Een van die eerste manifestasies was byvoorbeeld in April 1990 toe 'n groep mense, uit die geledere van die "groenbeweging", teen viviseksie by die Roodeplaat navorsingslaboratorium betoog het. Die aksie wat op Kerkplein geloods is, was die werk van honderde ondersteuners van *Earthlife Africa*. Dit het deel uitgemaak van 'n protes wat wêreldwyd onder die aanvoering van omgewingsbewustes van stapel laat loop is.[41]

Individue het ook kragtige stellings gemaak. Op 26 April 1991 het 'n gesin van Pretoria met 'n groen sitkamerstel, 'n dubbelbed en ander meubelstukke aan die voet van die Krugerbeeld op Kerkplein geplak. Mnr. Gert Swanepoel (36), 'n messelaar wat in die diens van die stadsraad van Pretoria was, sy vrou Christa (27), asook hulle kinders Pieter (4) en Gert (3) het geprotesteer omdat die stadsraad nie vir hulle huisvesting wou voorsien nie. Hulle is kort tevore uit

---

38 Korrespondensie, "Respek vir mekaar se andersheid", F Steyn - Redakteur, Drie Riviere, Vereeniging, in **Beeld**, 9.4.1994, p. 8.

39 Anon., "Regses hou optog oor wysiging aan wapenwet" in **Beeld**, 31.10.1991, p. 4.

40 Vir beplanning oor 'n protes in November 1997 kyk G Gifford, "Men's march against abuse of women, children planned" in **The Star**, 3.7.1997, op **Independent Online**-argief.

41 Anon., "Groep betoog teen laboratorium-diere" in **Beeld**, 23.4.1990, p. 4.

hulle huurhuis in Jan Niemandpark, Pretoria, gesit.[42] Die meubels is later na die stadsraad se kantore geneem waar dit gestoor is terwyl hulle na blyplek gesoek het. Die Swanepoels self het by vriende tuisgegaan. Die stadsraad het in reaksie op dié protes erken dat 'n huisvestingsnood bestaan en daar kwalik in al die behoeftes van die raad se werknemers voorsien kon word.[43] Die realiteite van die komende nuwe Suid-Afrika was dus reeds in daardie stadium aanwesig.

Nuwe verwikkelinge wat besig was om in die werkplek pos te vat, het sommige mense daartoe aangespoor om ook hul vrese by wyse van protes te probeer besweer. In Mei 1992 het 'n groep wat as "street people" beskryf is, 'n protes op Kerkplein gehou. Hulle was beswaard oor die feit dat hulle nie vir bepaalde soorte werk in aanmerking kon kom nie. Die werk was, volgens hulle, net vir swart mense uitgehou. Die groep het verduidelik dat hulle bereid was om enige werk te verrig net solank as wat hulle 'n inkomste kon verdien om voedsel te koop en hulself te versorg.[44]

Ook professionele beroepsgroepe het deurgeloop. In Januarie 1993 het mev. Martie Griessel van Verwoerdburg Kerkplein gebruik as 'n plek van protes teen die buitensporige fooie wat prokureurs vra. Sy het 'n betoging voor die Hooggeregshofgebou teenaan die plein gehou.[45]

Die aard van protestasies oor arbeidsaangeleenthede het ná 1994 aansienlik verander. Op 11 April 1997, simptomaties van die veranderende tye wat Suid-Afrika in die werksplek ervaar het, het 'n groep busbestuurders van Pretoria op Kerkplein gestaak nadat die bestuur van die stadsraad van Pretoria en die Transvaal Transport Workers' Union nie oor omstandighede, veral op Kerkplein, kon skik nie. Die bestuurders het verklaar dat die toestand ondraaglik geraak het. Baie van hulle het, as gevolg van nuwe verkeersreëlings oor spitstyd, hartaanvalle en stresverwante siektes opgedoen.[46] Die stad se busbestuurders was egter nie eensgesind nie. Mnr. Isaac Madithapa, 'n woordvoerder van die South African Municipal Workers' Union (Samwu) het verklaar dat sy vakbond nie die staking steun nie.[47] In die volgende week het

42 D Snyman, "Gesin trek in op Kerkplein" in **Beeld**, 27.4.1991, p. 4; R Northey, "Homeless family squats on Square" in **Pretoria News**, 27.4.1991.
43 D Snyman, "Stadsraad kan gesin nie met huis help" in **Beeld**, 30.4.1991, p. 6; C Uys, "Council 'can't help' family" in **Pretoria News**, 29.4.1991.
44 Anon., "City 'street people' cry out for jobs" in **Pretoria News**, 5.5.1992.
45 M Liebenberg, "Betogende vrou kry hulp uit 'n onverwagse oord" in **Beeld**, 21.1.1993, p. 6.
46 B Webb, "Bus drivers block Square" in **Pretoria News**, 12.4.1997.
47 Webb, **Pretoria News**, 12.4.1997.

onderhandelinge tussen die busbestuurders en die stadsraad plaasgevind en die saak is bygelê.[48]

Die merkwaardige manifestasie van hierdie protes was dat dit 'n skamele drie jaar vantevore bykans ondenkbaar was om blanke busbestuurders van die stadsraad so te sien betoog. In meer as een opsig was hierdie aksies deel van 'n komplekse veranderingsproses. Die feit dat Kerkplein as terrein van protes uitgesonder was, kan aan twee faktore toegeskryf word: eerstens was die plein in daardie stadium nog 'n busterminus; tweedens was dit duidelik dat die plein steeds as 'n kernsimbool vir 'n gedeelte van die samelewing in Pretoria gedien het.

## PROTESAKSIES OOR WET EN ORDE

Dit was opvallend dat die mees betekenisvolle protesaksies op Kerkplein in die tydperk ná die 1994-verkiesing, regstreeks met wet en orde verband gehou het. Dit was ook vanselfsprekend, omdat Kerkplein naby aan die nuwe Pretoriase Hooggeregshof in Vermeulenstraat geleë is.

Op 20 Augustus 1995 het die beweging Lawyers for Human Rights op Kerkplein deel van 'n wêreldwye aksie uitgemaak toe hulle op "World Unity Day" teen die doodstraf geprotesteer het. In daardie stadium was daar 355 mense in Suid-Afrika wat gewag het op die doodstraf om voltrek te word.[49] Binne die bestek van twee jaar sou intrinsieke veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing oor die aangeleentheid posvat. Nadat die doodstraf formeel afgeskaf is,[50] het die stem teen dié reëling aansienlik uitgekring.

Op 22 Mei 1997 het meer as 1 000 bankamptenare op Kerkplein saamgedrom in protes teen die misdaadgolf wat veral bankinstellings getref het. Hulle was op daardie dag deel van 'n nasionale protesmars waaraan duisende Suid-Afrikaners in die meeste dorpe en stede landwyd deelgeneem het. Die protesaksie in Pretoria het uit 'n opmars bestaan tussen twee uitstaande bakens in die hoofstad - Kerkplein en die Sammy Marksplein.[51]

---

48 Anon., "Bus crisis: More talks scheduled" in **Pretoria News**, 15.4.1997.
49 Anon., "LHR supports unity day protest" in **Pretoria News**, 19.8.1994.
50 Anon., "Heftige reaksie op afskaf van doodstraf" in **Beeld**, 7.6.1995, p. 2; Redaksionele kommentaar, "Editorial Noose gets the gallows" in **The Mail & Guardian**, 9.6.1995.
51 Beeldspan, "Bankwerkers woedend oor rooftogte" in **Beeld**, 23.5.1997, p. 2.

## DIE VERANDERENDE AARD VAN FEESVIERINGE OP KERKPLEIN

Nie net die protesbyeenkomste nie, maar ook feestelikhede, het aansienlik in die tydperk 1989-1997 verander. Die omvormingsproses was opvallend. Krugerdagvieringe was 'n sprekende voorbeeld hiervan. Reeds in 1989 was die tradisionele Krugersdagvieringe op Kerkplein en ander plekke in Suid-Afrika, aansienlik anders as die volksfeeste van weleer.[52] Op 10 Oktober 1991 was daar 'n pretmars met orkesbegeleiding. Lede van die Voortrekkerbeweging, motorfietsryers en mense op skaatsplanke het almal deel uitgemaak van die optog van die Uniegebou na Kerkplein. Op die plein is feesboodskappe gelewer en 'n krans is by die Krugerstandbeeld gelê.[53] Een van die hoogtepunte van die dag was 'n aflos-atletiekwedloop.[54] Feesgangers kon selfs op Kerkplein "bungee"[55]-spring.[56] Die Krugerdagvieringe van dié betrokke jaar het met die Jakarandafees - 'n nie-politieke fees wat reeds sedert 1939 gevier is[57] - saamgeval. Dit wou voorkom asof die feeste rondom die heldefiguur van Kruger in Pretoria moontlik met welslae by veral die Jakarandafees ingeskakel kon word.

In 1994 is Krugerdag vir die laaste keer amptelik gevier. Uit 'n blitsopname wou dit voorkom asof min Suid-Afrikaners - buiten Pretorianers[58] - veel van Paul Kruger se geskiedenis geweet het. Weinig mense het dan ook daarin belang gestel om die dag te vier.[59] Selfs regse groeperinge het nie meer op 10 Oktober die gebruiklike fees gevier nie. Lede van die Herstigte Nasionale Party (HNP) het wel beplan om 'n krans voor die standbeeld op Kerkplein te gaan lê.[60]

---

52 Vir meer oor die viering van Krugerdag kyk PW Grobbelaar (red.), **Die Afrikaner en sy kultuur III: Ons volksfeeste** (Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1975), pp. 97-116.

53 Anon., "Pretoria se Krugerdag-feeste vol pret" in **Beeld**, 10.10.1991, p. 6.

54 D Snyman, "Paul Kruger met 'n aflos in Pta gedenk: Spanne verken stad langs kultuurroete" in **Beeld**, 12.9.1991, p. 3.

55 'n Australiese sportsoort waarin 'n mens vanuit 'n groot hoogte na benede spring met 'n sterk rek wat aan die voete vasgemaak is.

56 Anon., "Bungee-spring op Kerkplein: Spoggerige bal en kabaretvertonings is deel van Jakarandafees" in **Beeld**, 11.10.1991, p. 7.

57 Anon., "Die Jakarandastad sorg vir baie geskiedkundige hoogtepunte" in **Beeld**, 19.6.1991, p. 3.

58 Anon., "Krugerdag nooit weer gevier nie: Pretoria vereer sy oud-president steeds" in **Beeld**, 7.10.1994, p. 12.

59 M Marais, "Kruger gaan maar stillerig verjaar" in **Beeld**, 7.10.1994, p. 4.

60 Marais, **Beeld**, 7.10.1994.

Die Jakarandafees/karnaval het in 'n groot mate steeds in Oktobermaand aan Kerkplein 'n feestelike atmosfeer gegee. In 1996 het rock-orkeste, soos onder meer die "Springbok Nude Girls", op die plein opgetree. Die organiseerders het hulself ten doel gestel om die verrigtinge op Kerkplein juis meer op die jongmense af te stem. Benewens 'n ruim biertent was daar ook vier restaurante waar feesgangers dit kon geniet.[61]

Kerkplein het ook tydens Nuwejaarsfeeste in die tydperk 1989-1997 by uitnemendheid die karakter aangeneem van 'n terrein waar veral jongmense in groot getalle byeen gekom het. Wetstoepassers moes dan voortdurend 'n teenwoordigheid handhaaf om te keer dat die mense hand-uit ruk.[62]

Die omvangryke veranderinge wat met die herdenking van feesdae sedert 1994 plaasgevind het, was ook opvallend in die Nuwe Suid-Afrikaanse feestelikhede wat op Kerkplein aangebied is. Op Saterdag 12 April 1997 het die herdenkingsfeestelikhede wat op 27 April, Vryheidsdag, 'n hoogtepunt sou bereik, op Kerkplein 'n aanvang geneem. 'n Groep swart dansers het die oggend tradisionele danse op die plein uitgevoer. Een van die deelnemers, Carlos Djedje, 'n reggae musikant, het verklaar dat dit vir hom lekker was om langs die standbeeld van "oom Paul" musiek te speel: "This would never have been allowed in the past, but today black, white, Indian and coloured people are dancing together....You must love and appreciate this integration - this is how the Highest wanted it to be".[63]

Die veelrassige karakter van Suid-Afrika was duidelik besig om deur te slaan. Die dag se verrigtinge is deur die afdeling vir kuns en kultuur van die stadsraad van Pretoria gereël. Benewens die swart dansers het ook lede van die plaaslike Indiërgemeenskap asook 'n Afrikaanse volkspelelaer dansitems gelewer.[64]

---

61 L Groenewald, "'Nuwe' karnaval trek jong mense: 'Hoort duidelik op Kerkplein'" in **Beeld**, 9.10.1996, p. 6.

62 Anon., "SAP help Oujaar op Kerkplein" in **Beeld**, 29.12.1990, p. 4; Anon., "Church Square welcomes New Year with a bang" in **Pretoria News**, 3.1.1994; Anon., "New Year revellers urged to temper festivities" in **Pretoria News**, 31.12.1996: L Loubscher, "Dronk bestuurders moet hier geen genade verwag" in **Beeld**, 31.12.1996, p. 7.

63 S Savides, "Church Square comes to life as local entertainers and thousands of citizens celebrate: Countdown to Freedom Day begins" in **Pretoria News**, 14.4.1997.

64 Anon., "Celebrating freedom" in **Pretoria News**, 12.4.1997.

## GODSDIENSTIGE BYEENKOMSTE

Wanneer 'n mens die omvormingsproses van Kerkplein wil verstaan, is die verandering in die aard en wese van godsdienstige byeenkomste ook opvallend. Waarskynlik in 'n poging om te voorkom dat godsdiens en politiek vermeng word, het die stadsraad se bestuurskomitee in 1989, volgens 'n persberig, besluit dat net kerkdienste wat met Pinkstertyd verband hou op die plein aangebied sou word.[65] Die Pinksterdienste was opsigself die voortsetting van 'n tradisie wat oor 'n tydperk van baie jare beslag gekry het.[66] Maar ook hierdie besluit was aan verandering onderhewig. In die gees van die politieke oorgangsproses wat momentum begin kry het, is godsdiens as 'n katalisator gebruik om 'n gees van samewerking en vrede in die Suid-Afrikaanse samelewing te bevorder. Kerkplein het 'n belangrike terrein vir hierdie inisiatiewe geword.

In Mei 1992 is dienste op versoek van die Nasionale Kerkeberaad, regdeur Suid-Afrika gehou om vir vrede te bid. Daar is gevra dat mense hulle teenoor God en mekaar moes verootmoedig. Hulle moes ook bid om vrede en geslaagde onderhandelinge, vir droogte-verligting, asook vir armlastiges en werkloses.[67] Die diens op Kerkplein is gekenmerk deur 'n spontane integrasie oor alle sosiale grense heen. Lidmate en leraars van verskeie Afrikaans- en Engelstalige kerkgenootskappe, ongeag van ras, het aan die diens deel geneem.[68] Dit wou voorkom asof die rigting vir die nuwe Suid-Afrika en sy inwoners was om deur middel van godsdiensaanbidding mekaar die hand van vriendskap te gee.

In September 1994 - nadat die Regering van Nasionale Eenheid aan bewind gekom het - is versoeningsfeeste landwyd gereël.[69] Op Kerkplein is ook 'n kerkdiens gehou. Die gebeurtenis is as volg beskryf: "Toe die klok twaalfuur slaan, het mense van alle gelowe, oortuigings en rasse hande vasgehou ter nagedagtenis aan mense wat in geweld in Suid-Afrika dood is. Kantoorwerkers, straatkinders, studente en skoonmakers het mekaar die hand gegee om 'n menslike ketting te vorm terwyl 'n swerm duiwe simbolies in die lug opgevlieg het toe die skare skielik opstaan. Waar aanvanklik net 'n paar mense op die plein vergader het, het meer en meer mense aangekom en op die gras gaan sit om in die gees van versoening te deel....Verbygangers wat onbelangstellend

65 L Groenewald, "Pinkster in hartjie van Pta gevier" in **Beeld**, 20.3.1996, p. 11.
66 Anon., "Pinksterdienste op Kerkplein" in **Beeld**, 29.5.1992, p. 6; Groenewald, **Beeld**, 20.3.1996, p. 11.
67 Anon., "Verskeie biddienste om vrede vandag etenstyd in middestad" in **Beeld**, 5.6.1992, p. 6.
68 Anon., **Beeld**, 5.6.1992.
69 K Sathekge, "Rally for Church Square" in **Pretoria News**, 15.8.1994.

verbygeloop het, het gehoor wanneer predikante bid of die koor sing en ook op die gras gaan sit. 'n Vrou wat haastig oor die plein geloop het, het dadelik botstil gaan staan toe sy ds. Kobus Myburgh van die NG Kerk se gebed in Afrikaans hoor. Sy het haar oë toegemaak en ná die gebed verder geloop. Mense het gretig gegryp na pamflette wat uitgedeel is met die woorde van Nkosi Sikelel' iAfrika en Die Stem op. Almal wou graag al twee Volksliedere sing".[70]

In 'n gees van versoening is die identiteit van Kerkplein nie ongeskonde gelaat nie. Vredesvlae is oor die standbeelde van die Voortrekkerkrygers aan die voet van die Krugerbeeld gedrapeer. Een van die geestelikes wat aan die diens deelgeneem het, het verklaar dat gewere nie meer gewerk het nie.[71]

Hierdie manifestasies van godsdienstige aktiwiteite het in 'n groot mate daartoe meegewerk om negatiewe indrukke wat oor Kerkplein bestaan het, te neutraliseer. Op 'n subtiele wyse het die omvorming van 'n bykans eksklusiewe Afrikaanse ikoon, deur die benutting van godsdienstige diskoerse, 'n ander inhoud begin kry.

## SOSIALE TRANSFORMASIES

Die omvorming van Kerkplein was wesenlik deel van die breër transformasieproses wat sedert 1989 besig was om in die Suid-Afrikaanse samelewing plaas te vind. Teen Augustus 1997 het baie informele handelaars op of teenaan Kerkplein handel gedryf in 'n verskeidenheid goedere. Dit het gewissel van die kruid "duiwelsdrek" uit Swaziland, tot aandenkings van Suid-Afrikaanse sportspanne. Jan en alleman kon deur 'n straatfotograaf voor die beeld van Kruger afgeneem word. Daar was ook 'n kennisgewingbord van 'n eiendomsagent wat huise in Atteridgeville teen billike pryse geadverteer het.[72] Hierdie soort aktiwiteite was voor 1989 bykans ondenkbaar.

Op Kerkplein het die strak indrukke omtrent die stad as 'n kil, onvriendelike plek ook 'n ander gedaante gekry. Te midde van aanduidings van ekonomiese swaarkry was daar mense soos mnr. Daan Fourie wat hawelose mense help versorg het. Vir hierdie mense wat van Kerkplein 'n tuiste gemaak het, was mnr. Fourie 'n "Dad", 'n "ware engel wat uit die hemel gekom het".[73]

---

70 A Gouws, "Mense van alle rasse vat hande, bid op Kerkplein" in **Beeld**, 3.9.1994, p. 4.
71 Gouws, **Beeld**, 3.9.1994.
72 Opname ten tyde van veldwerkbesoek aan Kerkplein op 5 Augustus 1997.
73 M Liebenberg, "Vir armes is Daan 'soos 'n engel uit die hemel'" in **Beeld**, 24.2.1994, p. 11.

Daar was ook ligter oomblikke. Ondersteuners van sportspanne het graag van Kerkplein gebruik gemaak om hul lojaliteite ten toon te stel. Die veranderende samelewing het duidelik 'n invloed op die bedrywighede gehad. Veral ondersteuners van die Noord-Transvaalse rugbyspan het graag die ondersteuners van opponentespanne op Kerkplein laat les opsê wanneer die "Bloubulle" 'n wedstryd gewen het. In Augustus 1991 was me. Mimi Kartel, wat die Transvaalspan ondersteun het, verplig om ná 'n Bloubuloorwinning op Kerkplein uit te roep: "I am an imbecile and a Transvaal supporter".[74]

Drie jaar later, in Julie 1994, moes 'n Transvaalondersteuner, mnr. Johann Sneygans, op Kerkplein toyi-toyi nadat sy span teen die Bloubulle verloor het. Tekenend van die Nuwe Suid-Afrika wat aangebreek het, was die feit dat mnr. Sneygans spoedig deur 'n ander danser, mnr. William Mahlangu, bygestaan is.[75] Daar was egter ook die skadukant van Kerkplein wat daarop gedui het dat die meer intrinsieke samelewingsbenutting van die terrein besig was om sy tol te eis. Op 27 Julie 1995 het 'n munisipale busbestuurder, mnr. Gotlieb Schoeman, 'n hartaanval agter die stuur van 'n bus gekry en in etlike motors vasgejaag voordat die bus teenaan die standbeeldgroep om die Krugerbeeld tot stilstand gekom het.[76] Kort daarna het 'n geestelik versteurde man, mnr. Christopher Tembile Tulwana (22), twee lope van die gewere van die beelde van die Boerekrygers afgebreek. Die man het later in die hof verskyn, maar is na die Weskoppies Hospitaal verwys.[77] Toe daar met 'n restourasieprojek ten bedrae van meer as R30 000 aan die beeldegroep op die plein begin is, het sommige Pretorianers aangedui dat hulle steeds sentimenteel oor Kerkplein gevoel het.[78]

Die plein het ook sommige van die dieperliggende probleme van sosiale transformasie na vore gebring. 'n Hartroerende gebeurtenis was simptomaties van 'n bykans eksistensialistiese selfvernietigingsdrang onder blanke jeugdiges in die ná-verkiesingstydperk.[79] Op 13 Augustus 1996 het 'n 15-jarige skoolseun,

---

74 R Brand, "Paying dues...on Church Square" in **Pretoria News**, 27.8.1991.

75 Anon., "Dancing to blues rhythm" in **Pretoria News**, 9.7.1994.

76 Anon., "Oom Paul keer verwoestende wegholbus" in **Beeld**, 27.7.1995, p. 1.

77 N Bezuidenhout, "Krygers op Kerkplein 'loop deur': 'Verwarde' in hof voor" in **Beeld**, 3.8.1995, p. 3.

78 I Jonker, "Phil Minnaar herstel beelde op Kerkplein" in **Beeld**, 8.1.1996, p. 7; I Karshagen, "Herstel van beelde wag vir eis se geld" in **Beeld**, 3.11.1995, p. 7; L Altenroxel, "Sculptor begins repairs on Oom Paul's rifle" in **Pretoria News**, 16.1.1996; Anon., "Up in arms over rearming of a burgher" in **Pretoria News**, 13.12.1996.

79 Vir dieper insigte oor koloniale mentaliteite in 'n post-koloniale era, kyk onder meer A Camus, **Exile and the kingdom** (Penguin, Harmondsworth, 1962. Vertaal uit die Franse

Donovan Pretorius, in sy deelname aan die speletjie Russiese Roulette, op Kerkplein 'n rewolwer teen sy kop gedruk en die sneller getrek. Hy is later dieselfde dag in die HF Verwoerd Hospitaal oorlede.[80]

Een van die duidelikste omwentelinge op Kerkplein tussen 1989 en 1997 was die reaksies op misdaad wat veral in die Gautengprovinsie aan die orde van die dag was. Kenners was dit ná 1994 eens dat in 'n samelewing waar daar so snel na 'n nuwe politieke bestel oorbeweeg is, dit vanselfsprekend was dat 'n oplewing in misdaad sou volg. In buitelandse akademiese kringe is die tema breër aangesny. Daar is byvoorbeeld in Brittanje gepraat van 'n 'era van angs' wat in die nadraai van moderniteit by die 'risiko-samelewing' oor misdaad as verskynsel posgevat het.[81]

In April 1996 is bekend gemaak dat munisipale verkeersmanne Pretoria se sakekern te perd sou patrolleer om misdaad te bestry. Die aangrensende Kerkstraat se voetgangergebied is in daardie stadium as 'n "paradys vir kriminele elemente en 'n nagmerrie vir voetgangers" beskryf.[82] Hierdie beriggewing was ietwat sensasionalisties. Die hele stad het in daardie stadium onder misdaad gebuk gegaan. Die stadsraad het, deur die instelling van die voetgangergebiede, probeer om die sakekern meer gebruikersvriendelik te maak. Dit het egter ook vir 'n magdom mense die geleentheid gebied om die gebied binne te stroom. Sodoende is 'n gunstige klimaat vir misdaad geskep.[83]

In November 1996 het die Paleis van Justisie onder vandale deurgeloop. 'n Borsbeeld van die kunstenaar Anton van Wouw is uit die voorportaal gesteel. Waardevolle kleurglasvensters is gebreek.[84] Kopervoorwerpe, handrelings en ander voorwerpe is ook uit die gebou gesteel, wat verlate gestaan het nadat die nuwe Hooggeregshofgebou deur die Departement van Justisie betrek is.[85] In 'n verslag wat by die stadsraad ingedien is, is daarop gewys dat die misdade in die

weergawe, **L'Exile et le royaume**, 1957, deur J O'Brien); G Mason, **A concise survey of French literarure**, (Littlefield, Adams & Co., Paterson, 1962), pp. 95-6.

80 W De Villiers en C Hattingh, "Doodskoot vir seun in 'roulette' by Kerkplein" in **Beeld**, 14.8.1996, p. 1.

81 Vir 'n sinvolle tendensbeskrywing kyk W Holloway en T Jefferson, "The risk society in an age of anxiety: Situating fear of crime" in **The British Journal of Sociology**, 48(2), Junie 1997, pp. 255-66.

82 C Uys, "Church Street is 'a criminal's paradise and a pedestrian's nightmare'" in **Pretoria News**, 9.4.1996.

83 Mondelinge inligting: Mnr. Albrecht Holm, argitek, Pretoria, 3.9.1997.

84 Holm, 3.9.1997.

85 T Stapelberg, "R40-m restoration for Palace of Justice: Grace behind the face" in **Pretoria News**, 16.11.1996.

sakekern onder meer handsakdiefstal, aanrandings en dobbelary, bykans uurliks in die stadkern aanwesig was.[86]

Op 1 Julie 1997 het veiligheidswagte in die Kerkstraat-wandelgang met 'n patrolliediens begin om die stad se sakekern te beveilig.[87] Die inisiatief het deel uitgemaak van 'n aksie van die stad se sakegemeenskap en die polisiediens. Die 59 "veiligheidsambassadeurs" het opdrag gehad om in die besonder die toeristeroetes in Pretoria te beveilig.[88] Voordat die projek ingestel is, was daar weekliks gemiddeld vyf aanvalle op toeriste in die sakekern.[89]

## BEWARINGSAKTIWITEITE

Sedert die sewentigerjare het verskeie bewaringsbewuste groepe in Pretoria hulle vir die bewaring van Kerkplein en veral die terrein se argitektoniese nalatenskap beywer. 'n Opvallende eienskap van hierdie kultuurbewaringsprotes was dat dit, in weerwil van ontevredenheid in die geledere van senior regeringsleiers, voortgebeur het. Die bewaringsbewustes was dikwels lynreg in stryd met invloedryke mense. Daaruit het die Beweging Red Kerkplein ontstaan en alle ander bewaringsliggame in Pretoria het 'n opbloei ervaar.[90] Dit het landwyd mense se verbeelding aangegryp.[91] Die omstredenheid oor bewaring het later regstreeks tot die uitvaardiging van die Kerkpleinwet deur die destydse Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, aanleiding gegee.[92]

Een van die belangrikste strydpunte was 'n protesaksie teen die destydse Transvaalse Provinsiale Administrasie om te voorkom dat die geboue wat die Wesfasade van Kerkplein uitmaak, gesloop word.

Teen die einde van die tagtigerjare - saam met die koms van 'n meer ontspanne benadering tot politieke aktiwiteite in Suid-Afrika - was die mense

---

86 Uys, **Pretoria News**, 9.4.1996.

87 E Yssel, "Talle projekte sal Pta veiliger maak" in **Beeld**, 5.6.1997, p. 8; S Coetzee, "Pta veiliger gemaak vir toeriste" in **Beeld**, 24.7.1997, p. 15.

88 Yssel, **Beeld**, 5.6.1997, p. 8.

89 Coetzee, **Beeld**, 24.7.1997, p. 15.

90 Kyk HM Rex (red.), "Kroniek van die Wesfasade" in **Pretoriana**, 72, Desember 1975, pp. 1-248.

91 Mondelinge inligting: Mnr. Albrecht Holm, argitek, Pretoria, 3.9.1997.

92 Kyk **Wet op die ontwikkeling van Kerkplein, Pretoria**, 53/1972; **Wysigingswet op die ontwikkeling van Kerkplein, Pretoria**, 65/ 1978; en **Wysigingswet op die ontwikkeling van Kerkplein, Pretoria**, 35/1988, in Republiek van Suid-Afrika, **Wette van die Republiek van Suid-Afrika**, geklassifiseer en geannoteer van 1910 af (Butterworth, Durban, voortdurend bygehou).

wat hulle vir die bewaring van Kerkplein en sy geboue beywer het reeds waardige veterane. Hulle verset was 'n kulturele protes wat oor 'n tydperk van twee dekades tot wasdom gekom het.

In Augustus 1989 het woordvoerders van die Stigting Simon van der Stel, die Genootskap Oud-Pretoria, asook die Beweging Red Kerkplein, ten sterkste vir die behoud van 'n outentieke karakter op en om Kerkplein gepleit. Die gevoel was dat as alle busverkeer net van die plein af weggeneem kon word, dit 'n reuse stap vooruit wou wees. Mnr. Albrecht Holm, op daardie tydstip die voorsitter van die Stigting Simon van der Stel, het verklaar dat as daar aan hierdie versoek voldoen word, dit nie meer nodig sou wees om multimiljoen rand pypdrome bo of onder Kerkplein te droom nie.[93] In September 1989 is daar gepoog om die viering van "Gebouedag" op die herdenkingskalender van Pretoria te kry. Die doelwit was om Kerkplein - al was dit net vir een dag - vry van busverkeer te maak. Die stadsraad is gevra om alle busverkeer van die plein weg te hou. Die aksie het egter koste-implikasies ingehou en dit kon gevolglik nie behoorlik deurgevoer word nie.[94] Die gedagte agter die plan het op 'n nuwe rigting in die bewaringspolitiek gedui.

In April 1990 het die Raad op Nasionale Gedenkwaardighede te kenne gegee dat die stryd om die Wesfasade besweer sou word. Dit het beteken dat die Nederlandsche Bankgebou (opgerig 1888), Cafe Riche (1905), en Law Chambers (1893) tot nasionale gedenkwaardighede geproklameer sou word.[95] Ná heelwat vertragings[96] en 'n omvattende restourasieprojek van R6 miljoen, wat reeds in 1987 begin het, is die Wesfade amptelik op 27 November 1991 by geleentheid van 'n formele plegtigheid tot nasionale gedenkwaardigheid deur die destydse president, mnr FW de Klerk, geproklameer.[97]

Gedagtig aan die staatkundige veranderinge wat besig was om plaas te vind, is die Bewaringsaksie-koördineringskomitee (Bewako) in 1991 gestig.[98] Die voorsitter van die aksie was mnr. Holm. Hy het aan die pers verduidelik dat die tyd min geraak het om die agteruitgang van die stad te keer, want: "Ons het

93 Uys, "Remove buses from Square" in **Pretoria News**, 12.8.1989.
94 Mondelinge inligting: Mnr. Albrecht Holm, argitek, Pretoria, 3.9.1997; Pretoria Eeufees-boek.
95 Anon., "Wesfasade sal só behou word" in **Beeld**, 26.4.1990, p. 29.
96 A Visser, "Wesfasade is nog nie tot 'n monument verklaar" in **Beeld**, 18.4.1991, p. 16.
97 R Pretorius, "Gerestoureerde Wesfasade môreaand deur FW geopen: Stryd om 'n Kerkplein vir voetgangers sonder busse gaan voort" in **Beeld**, 26.11.1991, p. 19; C Uys, "FW unveils Church Square preservation plaque" in **Pretoria News**, 28.11.1991.
98 A Holm, "Komitee vir bewaring om te koördineer" in **Beeld**, 5.9.1990, p. 15.

die klem te lank op klein stylverskilletjies laat val en intussen word geboue op groot skaal gesloop en dele van die stad geskend - dit is tyd dat ons gemeenskaplik optree en ons stem laat hoor".[99]

Die daarstelling van 'n nuwe stadkern was in daardie stadium aan die orde van die dag. Daar is begin werk aan die Sammy Marksplein.[100] Daar sou om die stadsbeplanningstafel lank en hard gestry moes word vir die behoud van Kerkplein se status as die fokuspunt van Pretoria.[101]

Apatie het onder blanke Suid-Afrikaners oor hul kultuurerfenis posgevat. In 'n opname wat in 1994 deur die Stigting Simon van der Stel onderneem is, was dit duidelik dat Suid-Afrikaners ambivalent was oor die bewaring van die land se erfenis.[102] Die grapjas, Nataniël, het dié sentiment oor Kerkplein in die oorgangsfase akkuraat verwoord toe hy by navraag verduidelik het dat hy selde Kerkplein besoek het. Hy was gewoonlik te bang en het kwansuis verkies om eerder by boutiques 'n draai te maak.[103] Feit van die saak was dat Kerkplein, net soos die historiese geboue in Pretoria se sakekern,[104] opnuut beoordeel sou moes word in 'n bedeling waar mense nie aldag dieselfde historiese sentimente as die Afrikaners gehad het nie.

## KLEMVERSKUIWINGS IN BEWARING, RELEVANSIE EN BENUTTING

Een van die belangrikste oorwegings wat tot die omvorming van Kerkplein aanleiding gegee het, was die besef dat Pretoria in die nuwe bedeling nie sonder meer op 'n besondere status kon aanspraak maak nie. Die stad se bewaringsgroepe, politici en beplanners het begin om saam te staan. Bykans oornag het historiese sentimente rondom Kerkplein en die geboue teenaan die plein verander.

Een van die mees opvallende aksies was die Pretoria Hoofstadinisiatief (PHI) wat ná die verkiesing in 1994 aktief betrokke was by die bemarking van

99 Holm, **Beeld**, 5.9.1990.

100 S Lombaard, "Bouwerk aan die nuwe stadskern begin gou: Finale kontrakte aantaande week onderteken" in **Beeld**, 31.1.1991, p. 6; V Bojé, "R240-m city plan approved" in **Pretoria News**, 7.12.1989.

101 Beweging Red Kerkplein, **Kerkplein Pretoria, toeriste roete**, (Kassetopname, Pretoria, 1994).

102 M Van Heerden, "Nataniël wil veel eerder sy vel bewaar as 'n (lelike) ou gebou" in **Beeld**, 25.11.1994, p. 3.

103 Van Heerden, **Beeld**, 25.11.1994.

104 P Muller, "Pretoria het die meeste om te verloor" in **Beeld**, 1.9.1993, p. 9.

die Jakarandastad as hoofstad van die Nuwe Suid-Afrika.[105] Daar is voortdurend planne gemaak om te verseker dat die stad sy posisie as uitvoerende hoofstad van Suid-Afrika sou behou.[106] Die voorstanders van die verskuiwing van die parlement het byvoorbeeld beweer dat die Ou Raadsaal/Capital-teaterkompleks teenaan Kerkplein die ideale plek was vir die huisvesting van die nuwe parlement. Dit sou, volgens hulle, die minste geld kos.[107]

Die skepping van 'n nuwe identiteit vir die hoofstad was regstreeks aan Kerkplein en die omliggende geboue gekoppel. Die wyse waarop begin is om die Ou Raadsaalgebou teenaan Kerkplein te gebruik, was 'n goeie voorbeeld. Tot 1986 het die gebou die vergadersaal van die destydse Transvaalse Provinsiale Raad gehuisves. Met die aftakeling van die vier provinsiale rade van Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Natal en die Kaap in die volgende jaar, het die gebou sy simboliese rol as politieke besluitnemingslokaal vir Transvaal verloor.[108] Intussen is 'n restourasieprojek geloods om die ou gebou tot sy eertydse glorie te herstel. Die werk is in 1990 voltooi.[109]

In Maart 1991 het 'n parlementêre komitee oor provinsiale sake in die Ou Raadsaal byeen gekom.[110] Die aard van hierdie byeenkoms, hoewel dit op die oog af 'n formele en funksionele karakter gedra het, was in werklikheid 'n simboliese gebaar. Dit het egter bewys dat die Ou Raadsaalgebou bloot 'n historiese simbool geword het van 'n vergange era. In 1992, by geleentheid van die eeufeesvieringe van die ingebruikneming van die Ou Raadsaalgebou, is besoekers tussen 9 en 13 November op begeleide toere deur die gebou geneem.[111] Die feesvieringe was egter op 'n baie lae vlak van intensiteit en die bemarking van die geleentheid was duidelik toegespits op 'n baie klein en eksklusiewe groepie mense wat 'n waardering vir die geskiedenis van die ZAR en die ou hoofstad se argitektoniese erfenis gehad het.

---

105 C Fourie, "'Hoofstad-geld' kan in HOP geploeg word: Geveg vir behoud van Pta as setel duur voort" in **Beeld**, 15.6.1994, p. 15.

106 Anon., "'Een nasie, een hoofstad', glo Pretoria: R75miljoen kan 'jaarliks bespaar word'. Gaan oor wat 'goed is vir land as geheel'" in **Beeld**, 9.6.1995, p. 11; C Fourie, "Baie kabinetslede wil parlement-verskuif hê" in **Beeld**, 27.6.1997, p. 2; E Yssel, "Pretoria 'draai skroewe vas' oor parlementsetel" in **Beeld**, 9.8.1996, p. 2; L Groenewald, "Verslag oor waar Parlement sit, bly dig" in **Beeld**, 27.8.1996, p. 11.

107 L Groenewald, "Kerkplein gewild vir Parlement" in **Beeld**, 29.8.1996, p. 14.

108 Anon., "Dié sitting word vandag in Ou Raadsaal gehou" in **Beeld**, 26.3.1991, p. 24.

109 A Visser, "Ou Raadsaal weer ene statigheid" in **Beeld**, 13.9.1990, p. 17.

110 Anon., "Dié sitting word vandag in Ou Raadsaal gehou" in **Beeld**, 26.3.1991, p. 24.

111 Anon., "Toere word deur Ou Raadsaal aangebied" in **Beeld**, 4.11.1992, p. 8.

Te midde van 'n onsekere toekoms wat Pretoria in die gesig gestaar het, is voortdurend gepoog om 'n nuwe lewe vir die Ou Raadsaalgebou te verseker. Spoedig was die gebou sentraal in die bemarking van Pretoria as die nuwe parlementêre hoofstad van Suid-Afrika. Hierdie plan van aksie was voordelig. Stelselmatig het 'n proses van politieke bemagtiging vir die historiese erfenis van die gebou en sy mense - onregstreeks ook vir Kerkplein - begin posvat.

Op Jeugdag 16 Junie 1994, voorheen bekend as Sowetodag, is die Volkstaatraad in die Ou Raadsaal ingehuldig. Die raad, 'n vergunning aan generaal Constand Viljoen se Vryheidsfront (VF), met sy 20 lede, het die verantwoordelikheid gehad om in terme van die 34e grondwetlike beginsel ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n Afrikaner-volkstaat tot stand te bring.[112] Dié maatreël is getref om te sien of die ideaal van 'n volkstaat vir Afrikaanssprekendes in regse geledere verwesenlik kon word. Die aktiwiteite van die Volkstaatraad was 'n waardevolle politieke weerligafleier. Die regering kon regse protes teen die nuwe bestel monitor, en selfs aan bande lê indien dit nodig sou wees. Die simboliese benutting van die Ou 'Raadsaalgebou het dus regstreeks en onregstreeks daartoe meegewerk om die kritieke oorgangsfase van Suid-Afrika na 'n veelrassige demokratiese bestel te verseker. Die gebruik van die Raadsaal het die simboliek in die politieke diskoers van die hede aansienlik versterk. Soos van ouds het Afrikaners beraadslaag oor hul toekoms in 'n lokaal wat gelade was met herinneringe aan gebeure van 'n eeu tevore. Die Raadsaal was ook besig om 'n waardevolle opvoedingsproses te bevorder.

Die besef dat Afrikaners nodig gehad het om nuwe politieke paradigmas te formuleer, het stemme in die soeke na oplossings laat opgaan. In April 1995 het mnr. Jan du Toit, die voorsitter van die Vereniging van Inwoners en Belastingbetalers van Suid-Afrika (Vibsa) die Volkstaatraad daarvan probeer oortuig dat plaaslike regering nie deur die partypolitiek oorheers moes word nie.[113] Die boodskap op sigself was nie nuut nie, maar die omstandighede waaronder dit oorgedra is, het 'n nuwe houding teenoor begripsvorming en die soeke na oplossings daargestel wat grootliks daartoe bygedra het.

Belangriker was dat 'n gees van verdraagsaamheid in Pretoria onder politici begin posvat het. Dit sou die benutting van die Ou Raadsaal verhoog. Op 12 Desember 1994 is die lede van die Groter Pretoriase Metropolitaanse

---

112 Anon., "Council gets Mbeki's blessing" in Pretoria News, 16.4.1994.
113 S van der Walt, "Partypolitiek 'moet nie oorheers'" in Beeld, 20.4.1995, p. 4.

Oorgangsraad (MOR) in die Raadsaal op Kerkplein ingehuldig.[114] Die lokaal sou voortaan as vergaderplek vir die maandelikse byeenkomste van die raad dien.[115] Die geleentheid is as volg deur Sarel van der Walt beskryf: "Die Ou Raadsaal op Kerkplein in Pretoria het...weer tot sy glorieryke reg gekom toe die eerste veelrassige Metropolitaanse Oorgangsraad (MOR) van Groter Pretoria in dié geskiedkundige gebou ingehuldig is".[116]

Hy het verder berig: "Mnre. Peter Maluleka en Nico Stofberg is eenparig tot mede-speakers van die MOR verkies in dieselfde imposante raadsaal waar oud-pres. Paul Kruger en die parlement van die Zuid-Afrikaansche Republiek byna honderd jaar gelede vergader het, en waar die skildery van Boere-helde nog trots hang....Net enkele van die 58 raadslede kon nie die eerste vergadering bywoon nie. 'n Nuutjie op die vergadering was dat ontslae geraak is van die ou Britse tradisie dat raadslede togas dra".[117]

Een van die eerste probleme wat opgeduik het, was dat die Ou Raadsaal-gebou se kantoorruimte ontoereikend was om huisvesting aan al 58 lede van die MOR te verleen. Daar is gevolglik oral in die stad na kantore gesoek om die raadslede en hul administratiewe personeel te huisves.[118] Dit was 'n besonder positiewe ontwikkeling in 'n stadium toe die toekoms, veral in die omgewing van Kerkplein, as somber voorgestel is.

Dit het vir die bewaringsbewustes opsluit gegaan oor die beskerming van 'n argitektoniese erfenis. Vir die politici het dit gegaan oor samewerking, veral in die lig van 'n nuwe beleid wat besig was om in die regering gestalte aan te neem wat die bewaring van monumente betref. Iewers was daar raakpunte wat die bewaring van die argitektoniese erfenis in die hand gewerk het. Die aanslae op Kerkplein was egter nog lank nie verby nie.

## KERKPLEIN AS MONUMENT IN DIE NUWE SUID-ARIKA

'n Kwelvraag wat sedert die verkiesing van 1994 aan die orde van die dag

114 S van der Walt, "Substruktuur in Verwoerdburg: Pretoria huldig syne vandag in" in **Beeld**, 12.12.1994, p. 9.

115 C Uys, "Metro council will soon occupy 'cultural treasure': New role for Old Raadsaal" in **Pretoria News**, 27.1.1994.

116 S van der Walt, "Nuwe raad los Britse tradisie op 1ste sitting: In die Ou Raadsaal ingehuldig" in **Beeld**, 13.12.1994, p. 9.

117 Van der Walt, **Beeld**, 13.12.1994.

118 S van der Walt, "MOR soek gebou om uitvoerende komitee te akkomodeer" in **Beeld**, 10.1.1995, p. 10.

was, het met die behoud van die standbeelde op Kerkplein verband gehou. Voor die verkiesing in April 1994 het mnr. Wally Serote, die ANC se woordvoerder oor kultuur, verklaar dat sekere monumente nie meer as simbole van die staat en sy gesag sou kon dien nie. Ander, soos byvoorbeeld Robbeneiland, sou in belangrikheid toeneem. In daardie stadium wou dit voorkom asof Kerkplein en sy beeldegroep ongeskonde sou bly.[119]

Politieke uitsprake van voor die verkiesing het spoedig 'n ander inhoud gekry. In September 1994 is die standbeeld van 'n voormalige premier, dr. HF Verwoerd, voor 'n staatsgebou in Bloemfontein verwyder. Die gebeurtenis het blanke Afrikaanssprekendes geskok. In sommige kringe is gepoog om die saak te besweer. Die Demokratiese Party (DP) se woordvoerder, me. Dene Smuts, het gewaarsku dat beelde nie sonder meer afgetakel moes word nie. Daar moes eerder vir stryders soos Steve Biko en Albert Luthuli nuwe beelde opgerig word.[120]

In Pretoria het die vrees ontstaan dat Kerkplein die Krugerbeeld sou verloor. Die stadsraad van Pretoria het dadelik gewaarsku dat dit nie sonder meer sou toelaat dat standbeelde na willekeur afgebreek en beskadig word nie. Benewens die beeld van Kruger op Kerkplein, het die vermoede ook bestaan dat die borsbeeld van adv. JG Strijdom op Strijdomplein afgetakel sou word.[121] In retaliasie is vanuit die geledere van die KP en die AWB gewaarsku dat as beelde van die bevrydingsleiers opgerig sou word, dit ook vernietig sou word. [122]

Dr. Pieter Smith, voorsitter van die stadsraad van Pretoria se bestuurskomitee, het teen die ikonoklastiese tendens gemaan. Dit sou die proses van versoening skaad, het hy gemeen.[123] In sy redaksionele kommentaar het **Beeld** daarop gewys dat ofskoon dit so is dat beelde in die verlede rondgeskuif is - in die besonder is na die Krugerbeeld op Kerkplein verwys - dit belangrik was om in gedagte te hou dat dit eerder nodig geword het om meer beelde op te rig.[124]

---

119 P du Bruin, 'Regering moet kulture byeenbring' in **Beeld**, 15.3.1994, p. 11.

120 Politieke redaksie, "Nuwe beelde sal val, dreig regses: Kommer heers in Pretoria oor Paul Kruger se standbeeld" in **Beeld**, 13.9.1994, p. 1.

121 Politieke redaksie, **Beeld**, 13.9.1994.

122 Politieke redaksie, Beeld, 13.9.1994; C Keeton, "City monuments safe - for now, anyway" in **Pretoria News**, 1994.09.12.

123 N Bezuidenhout, "Los Oom Paul uit, waarsku Pretoria se raad" in **Beeld**, 13.9.1994, p. 2.

124 Redaksionele kommentaar, "Meer beelde" in **Beeld**, 13.9.1994, p. 8.

Die emosies het merkbaar hoog geloop op alle vlakke van die samelewing. Dit was op die grondvlak duidelik. Mnr. AJ Roets (27), 'n lid van die AWB, het gewaarsku: "Ons (die AWB) sal hier (op Kerkplein) kom sit met ons wapens. Dan sal ons sien wie waag dit om Paul Kruger se standbeeld weg te vat. Sou hulle hom wegvat en deur 'n ander standbeeld vervang, sal ons jeeps by die AWB se plaas gaan haal en dit (die nuwe standbeeld) kom omtrek".[125]

Mnr. John Ndlovu (47) van Atteridgeville was van mening dat die Regering die regte besluit oor standbeelde sou neem. Op sy beurt het mnr. Peter Egberink (33), 'n Nederlandse toeris, gevoel dat standbeelde soos dié van Paul Kruger deel is van die geskiedenis en liefs alleen gelaat moet word. 'n Bruinman, mnr. James Michael, het verklaar dat die verwydering van die Krugerbeeld "gek" was, want: "Dit is mos nie lewende mense nie, en Paul Kruger het tog niks met apartheid te make gehad nie".[126]

Die Gautengse premier, mnr. Tokyo Sexwale, was vinnig om te reageer. In die Gautengse wetgewer het hy, met besondere verwysing na die Krugerbeeld op Kerkplein, verklaar dat die verwydering van enige monumente 'n emosionele saak vir baie mense was. Die inwoners van Gauteng moes egter net onthou dat daar sekere standbeelde was wat vir ander mense ook 'n emosionele saak was. Hy het die versekering gegee dat: "Ons doen goed ordelik en sal dit nie verwyder soos Lenin se standbeeld in Rusland verwyder is nie. Ons sal nie deur oorhaástige besluite die emosies aanjaag nie....Voor my kantoor in Pretoria staan oom Paul se standbeeld in al sy glorie. Ons moet egter onthou dat daar ook ander ooms in hierdie land was soos oom Mahatma en oom Luthuli....In Suid-Afrika is ooms en óóms, anties en ánties. Kom ons wees nie eensydig oor hierdie emosionele saak nie".[127]

Die provinsiale regering se beleid ten opsigte van standbeelde, is as 'n "sagte benadering" beskryf.[128] Dit was egter duidelik dat die monumente van mense wat gedurende die apartheidsjare in leierskapsposisies was in die spervuur gestaan het.

125 S van der Walt, "AWB-manne sal met wapens by Oom Paul se standbeeld waak" in **Beeld**, 12.9.1994, p. 2.

126 Van der Walt, **Beeld**, 12.9.1994.

127 W Pretorius, "Besluite oor beelde sal ordelik geskied, sê Sexwale" in **Beeld**, 14.9.1994, p. 1.

128 Anon., "Paul Kruger-standbeeld sal nie vinnig verdwyn" in **Beeld**, 11.10.1994, p. 4.

## VINDINGRYKE BEMARKING

In die lig van die belangrike debat oor monumente in die Nuwe Suid-Afrika wat in daardie stadium in die openbaar aan die gang was, het Kerkplein as 'n nuttige kernsimbool in 'n vindingryke advertensieveldtog na vore getree. Aan die begin van 1995 is 'n veldtog van stapel gestuur om die beeld van Pretoria in 'n Nuwe Suid-Afrika te bemark. Die Krugerstandbeeld op Kerkplein was sentraal in die reklame wat gemaak is om die boodskap van 'n "stad van harmonie en verandering" uit te dra. In die advertensie wat R2 miljoen gekos het, is die standbeelde van koningin Victoria in Port Elizabeth, Jan van Riebeeck in Kaapstad, Shaka in Ulundi, Ghandi in Pietermaritzburg en Paul Kruger op Kerkplein voorgestel asof hulle lewend op die plein byeen gekom het. In 'n selfoongesprek met "Madiba" wou Kruger weet wanneer die "Uitlanders" dan na Pretoria kom.[129]

Die advertensie is later met die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) se Pendoringprys en ook die **Financial Mail** se Backpat-prys bekroon.[130] Dit het ook later die jaar 'n internasionale kompetisie vir reklame, waarvoor daar 12 000 inskrywings uit 70 lande was, gewen.[131] Benewens die feit dat die beelde-advertensie so 'n treffer was, het dit volgens kenners getoon dat Pretoria nie noodwendig bloot 'n stad vol 'grys burokrate' was nie. Nog belangriker was die feit dat die advertensie en die daarstelling van 'n "gebruikersvriendelike Paul Kruger" Suid-Afrikaners geleer het om vir hulself te begin lag. In Julie 1995 het 'n toneelopvoering waarin die "Krugerbeeld" 'n rol gehad het, 'n groot indruk op die Grahamstadse Kunstefees gemaak. Een resensent, Justin Pearce, het daarop gewys dat, in die lig van die opvoering, Pretoria lank nie meer bloot die geestelike tuiste van blanke volkstaters was nie.[132]

Die nuwe indrukke omtrent Pretoria was in baie opsigte die regstreekse resultaat van die advertensieveldtog. 'n Meningsopname is onder 900 mense onderneem en 55 persent van die respondente het laat blyk dat die indrukke wat hulle voorheen oor Pretoria gehad het, aansienlik deur die advertensie op televisie verander is. Sewe en tagtig persent van die respondente het van die advertensie gehou.[133]

---

129 C Fourie, "Pta gons oor Madiba, Gandhi en oom Paul" in **Beeld**, 9.2.1995, p. 3.
130 C Fourie, "Standbeelde het mense se mening van stad verander" in **Beeld**, 10.10.1995, p. 9.
131 C Fourie, "Paul Kruger 'bel' groot prys los vir Pta" in **Beeld**, 15.11.1995, p. 6.
132 J Pearce, "Visions of a rainbow culture" in **Mail & Guardian**, 21.7.1995.
133 C Fourie, "Standbeelde het mense se mening van stad verander" in **Beeld**, 10.10.1995, p. 9.

Hoewel Kerkplein en die Krugerbeeld vir Pretoria van groot waarde was, het dit nie verhoed dat die erfenisterrein steeds in die spervuur van 'n potensiële aftakelingsdebat sou bly nie. In November 1996 het die nuutverkose burgemeester van Pretoria, me. Joyce Ngele (63), na bewering in die openbaar verklaar dat die Krugerstandbeeld verwyder sou moes word.[134] Hierdie uitspraak is baie vinnig teengestaan deur die topstruktuur van die ANC, wat duidelik vasberade was om nie 'n vyandige verhouding met die inwoners van Pretoria, en veral die Afrikaners, in die hand te werk nie.[135] Daar is wel beklemtoon dat monumente vir die vegters van Umkhonto we Sizwe opgerig word, maar veral dat die Krugerbeeld nie vir daardie doeleindes verwyder sou word nie.[136]

## GEVOLGTREKKING: 'N SUKSESVOLLE OMVORMING?

Verandering, omvorming of Verwaltung is 'n komplekse proses in die Westerse beskawingsmilieu. Die antieke Grieke - nadat die gedagte van 'n kollektiewe herinnering by hulle posgevat het[137]- het ingesien dat blote verandering in die historiese proses van min intrinsieke waarde is. Dit word eers relevant wanneer die aandag op verskeie vlakke van variasie gevestig word. Net veranderinge (lees omvormings) wat binne die veld van menslike optredes plaasvind, kan 'n sinvolle historiese verhaal tot gevolg hê.[138] In die geval van Kerkplein, Pretoria, soos hierbo uiteengesit, is daar sprake van interne omvormings wat in die samelewing plaasgevind het. Tekens daarvan was uiterlik in samelewingshandelinge in die jare 1989-1997 aanwesig.

Die resultate was interessant. In Augustus 1997 het nie-amptelike berigte daarop gedui dat die regering voornemens was om die parlement van Suid-Afrika van Kaapstad na Pretoria te skuif. Dit het gevolg op voorstelle deur die Departement van Openbare Werke dat die Kerkplein-opsie as die nuwe tuiste vir die parlement die beste was.[139] Nie alleen was dit koste-effektief nie, maar

134 L Groenewald, "Sy wil Oom Paul eerste laat val: Pta-burgemeester wil ook straatname verander" in **Beeld**, 11.11.1996, p. 8.

135 L Groenewald, "Oom Paul bly waar hy is - burgemeester" in **Beeld**, 12.11.1996, p. 4.

136 Groenewald, **Beeld**, 12.11.1996.

137 J le Goff, **History and memory** (Columbia University Press, New York, 1992. Vertaal deur S Randall en E Claman), pp. 62-3.

138 J Margolis, **The flux of history and the flux of science** (University of California Press, Berkeley, 1993), p. 5.

139 E Gibson, "Parlement in Pretoria: Voorstel oor Kerkplein 'uitstekend'" in **Beeld**, 23.8.1997, p. 1.

daar was ook op en om Kerkplein 'n magdom historiese sentimente wat tot die waardigheidskarakter van 'n nasionale parlement vir Suid-Afrika kon bydra.

Daar bestaan min twyfel dat die sosio-ekonomiese en politieke benutting van die plein aansienlike omvormings ondergaan het. As ikoon het 'n nuwe inhoud beslag gekry wat duidelik meer regstreeks op die samelewing van Pretoria in 'n nuwe Suid-Afrika van toepassing was. Die omvormingsproses was aanvanklik radikaal. Later het die spontane herinneringsdenke van die gemeenskap, in 'n gees van grootmoedigheid - miskien ook gelatenheid - die nuwe ontwikkelinge aanvaar. Op stuk van sake het die transformasie van 'n Afrikaanse sielsmotief oënskynlik meer as net 'n leë dop agter gelaat. Bepaalde Afrikaanse herinneringe aan "weleer" het behoue gebly. Daar is ook ruimte geskep vir die nodige waardering van kosbare argitektuur. Dit het daarop neergekom dat die nuwe politieke leierskap van Suid-Afrika bewus was van 'n uitstaande stuk kultuurerfenis. Teen hierdie agtergrond is voortreflik bemark om die parlement na Pretoria - die "middelpunt van Suid-Afrika"[140] - te verskuif.

140 Beweging Red Kerkplein, **Kerkplein Pretoria, toeriste roete**, (Kassetopname, Pretoria, 1994).